The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.

Ornico
KNOW HOW. TO GROW



FINWEEK - AFRIKAANS 2016-11-17 Page: 35-37

AVE: 67766.39 (ZAR)



Deur Jana Jacobs

# Die uitdaging: Om meer toeriste na ons land te lok

Sisa Ntshona, sedert Oktober die nuwe uitvoerende hoof van SA Toerisme, is vasbeslote dat dié bedryf baie meer tot die land se BBP moet bydra. As dit van sy passievolle en reguit manier afhang, gee dié bankier dalk die toerismebedryf 'n hupstoot.

**Sisa Ntshona, nuwe baas van SA Toerisme,** beplan om die getal buitelandse besoekers aan die land binne die volgende vyf jaar met vier miljoen op te stoot – baie gevra, as jy in ag neem dat 8,9 miljoen buitelanders die land verlede jaar besoek het, luidens data van die Verenigde Nasies se Wêreldtoerisme-organisasie (UNWTO).

Toegegee, die syfers vir 2015 was laer as wat verwag is – met 'n afname van nagenoeg 7% op 'n jaargrondslag – weens die invloed wat die streng nuwe visumvereistes op buitelandse aankomste gehad het. Party van dié regulasies is sedertdien verslap, maar die toerismebedryf bly besorg oor die vereiste van onverkorte geboortesertifikate vir minderjarige reisigers.

Op 'n onlangse media-ontbyt by SA Toerisme se kantoor in Johannesburg het Ntshona gesê 2015 was 'n "baie slegte jaar" vir Suid-Afrikaanse toerisme. Hoewel die getalle in 2016 herstel het – die jongste data van Statistieke SA toon dat die aantal toeriste in Augustus met 14% op 'n jaargrondslag toegeneem het tot 833 638 – waarsku Ntshona dat dit nie as dubbelsyfergroei gevier moet word nie. "In wese probeer ons om die getal toeriste weer op die vlak te kry waar ons was." (Sien ook die grafieke.)

Ntshona meen dit is belangrik om die bedryf se bydrae tot die ekonomie van die huidige geraamde 9,4% van die BBP op te stoot tot in die "hoë tiene". Hy verduidelik dat daar baie druk op Suid-Afrika se ekonomie is om te diversifiseer ten einde minder van natuurlike hulpbronne afhanklik te wees. Hy glo dié diversifikasie kan gedeeltelik uit toerisme kom en dat SA Toerisme 'n verantwoordelikheid het om dit te help verwesenlik.



**Sisa Ntshona**
Uitvoerende hoof van SA Toerisme

> **"As jy dinge nie net vir die plaaslike inwoners begin bou nie, maar vir die hele ekostelsel en die mense daarbuite, dan maak dit jou uit die oogpunt van regstreekse buitelandse belegging uiters aantreklik."**

"Toerisme is beslis onder druk uit 'n oogpunt van die verwagtinge wat daar is oor hoe ons gaan bydra om die ekonomie weer aan die gang te kry, want ons het raakpunte met soveel sektore," sê Ntshona.

## Dit gaan oor samewerking

Om aan dié verwagtinge te voldoen, is egter nie altyd maklik nie.

"Een van die dinge wat ek baie gou geleer het, is dat daar op regeringsterrein volgens my 'n gebrek is aan koördinering. Omdat ons volgens funksie aan ministeries rapporteer, vergeet ons om horisontaal te kyk na ander rolspelers wat ons omgewing beïnvloed. Ons boodskappe moet by mekaar aanskakel."

Ntshona neem die fiasko van die visumregulasies as 'n voorbeeld en verduidelik dat ofskoon hy glo die departement van binnelandse sake het in wese die goeie bedoeling gehad om die moontlikheid van kinderhandel te verhoed, die gebrek aan koördinasie tussen die verskillende rolspelers onbedoelde gevolge gehad het.



'n Toeris bewonder Tsitsikamma se ongerepte kus



Gallo Getty Images/iStockphoto

Vir Ntshona bestaan die delikate balans wat gevind moet word uit die vermoë om die uitdagings te oorweeg en dan te hanteer sonder om die ekonomie in die proses te vernietig.

> **"Hoe ons oor ons land praat, raak belangrik – my siening is dat dit nie belangrik is waaroor ons praat nie, maar hoe ons daaroor praat."**

"Ons het daardie gesprek aan belangriker mense as onsself oorgelaat – dit word op kabinetsvlak hanteer – maar ons lewer beslis ons insette in die vorm van menings en standpunte om die probleem op te los," sê hy.

SA Toerisme moet ook met beperkte hulpbronne tevrede wees. "Soos enige sakeonderneming het ons beperkte hulpbronne en onbeperkte behoeftes en begeertes. Een daarvan gaan oor die bietjie beleggingsgeld wat ons het. Waar wil ons investeer? Hoe besluit ons watter lande om te teiken? Watter laat jy uit? Jy kan nie oral wees nie."

'n Optimale beleggingsopbrengs as dit by die wêreldwye bekendstelling van Suid-Afrika kom, kom weer eens op samewerking neer, beklemtoon Ntshona.

"As jy na die jongste statistieke kyk, kan ons seker tussen 25 en 30 lande dek, 'n bietjie meer as 10% van al die lande ter wêreld." Deur egter met byvoorbeeld die departement van internasionale betrekkinge en samewerking saam te werk, kan SA Toerisme onmiddellik 'n teenwoordigheid in 126 lande behaal, verduidelik Ntshona. In die toekoms sal dit 'n kwessie wees van uitvind hoe om saam te werk en hulpbronne in dié verband te deel.

"Ek dink ons bevind ons in 'n baie interessante ruimte as 'n land. Ons begin sien hoe die sakewêreld bymekaarkom en sê kwessies in die burgerlike samelewing is nie net die regering se probleem nie, dit is ons hele probleem. Hulle wil deel wees van die oplossing, en dit is 'n goeie ding. Ons as SA Toerisme gaan daarby aansluit," sê hy.

"Ons moet ook realisties wees. Ons werk nie in 'n lugleegte nie; ons ding met ander lande mee. Hoekom moet mense hierheen kom? Ons is in wese 'n langafstandbestemming."

## Die sakeplan

Vir Ntshona gaan als oor hoe Suid-Afrika homself posisioneer.

## Wie is Sisa Ntshona?

"Ek was vir die grootste deel van my lewe by die bankwese betrokke. Ek het sowat 15 jaar gelede in die beleggingsbankwese binne die Absa-groep van destyds weggespring en ek skat ek was waarskynlik die afgelope 10 jaar die gelukkigste as hoof van KMO-bankdienste vir die Afrika-afdeling van Barclays."

**SO, WAT DOEN 'N BANKIER IN TOERISME?**


Dit is 'n vraag wat hy al voorheen gevra is, en Ntshona sê hy meen bankiers is uiters veelsydig.

"Kyk maar na MTN, die voorsitter is 'n bankier en hulle het pas nog 'n bankier aangestel om die maatskappy te bestuur; Mark Barnes, 'n voormalige kollega van my, is hoof van die Poskantoor; en die Toerismesakeraad van Suid-Afrika se voorsitter is Tito Mboweni – een van die grootste bankiers daar buite. So ek is in goeie geselskap."

**HOE VOEL JY DAAROOR OM IN DIÉ NUWE SEKTOR TE WERK?**


"Toerisme is so 'n wonderlike terrein – dink daaraan: van die tyd wat 'n toeris in 'n land aankom, word verskillende sektore gestimuleer." Dit begin met die aanskaf van valuta, die vind van akkommodasie en kos om te eet. Vir Ntshona is dit maar net kleiner voorbeelde van hoe die ekostelsel aanmekaar kan skakel. "Ons praat nie eens van die groot goed soos byvoorbeeld infrastruktuur nie."

AANTAL TOERISTE UIT DIE
10 VOORSTE OORSESE LANDE




BRON: Statistieke SA se verslag *Tourism and Migration*, Augustus 2016

AANTAL TOERISTE UIT DIE
10 VOORSTE SAOG-LANDE




BRON: Statistieke SA se verslag *Tourism and Migration*, Augustus 2016

"As jy na bepaalde ekonomieë of stede oral ter wêreld kyk wat ons graag sal wil naboots, is Parys een daarvan. Behalwe dat dit 'n baie romantiese stad is en almal daarheen wil gaan, is dit 'n kragreus as dit by die verwesenliking van toerisme se potensiaal kom," sê Ntshona geesdriftig.

Hy verduidelik dat Parys meer toeriste as inwoners het en dat die infrastruktuur rondom Parys die behoeftes van die plaaslike inwoners oorskry.

"Dink daaraan: As jy dinge nie net vir die plaaslike inwoners begin bou nie, maar vir die hele ekostelsel en die mense daarbuite, dan maak dit jou uit die oogpunt van regstreekse buitelandse belegging uiters aantreklik."

Gehalteversekering is nog 'n faktor wat Ntshona as onontbeerlik beskou. "Ons is in Afrika en dit gaan met bepaalde persepsies en 'n sekere risikopremie gepaard. In Parys kan dinge gebeur, maar dit maak nie soveel saak nie, want Parys se handelsmerk is so sterk."

## Hoe om Suid-Afrika te verkoop

Ntshona glo egter dat Suid-Afrika 'n eiesoortigheid het wat nêrens anders ervaar kan word nie. Die kwessie is om daardie eienskappe wyd bekend te stel.

"Hoe ons oor ons land praat, raak belangrik – my siening is dat dit nie belangrik is waaroor ons praat nie, maar hoe ons daaroor praat."

Ja, ons universiteite brand, die ekonomie is stram. Ntshona glo ons moet dié probleme erken, maar dit gaan "oor hoe ons die sin voltooi".

"Sluit jy af met die siening dat die land besig is om ten gronde te gaan? Of: ons is 'n taai klomp, ons het voorheen groter uitdagings te bowe gekom– ons was in die laat 1980's vroeë 1990's op die randjie van 'n burgeroorlog en ons het dit oorkom. As ons opreg glo ons is gereed om probleme te oorkom, verander dit sake heeltemal."

SA Toerisme sou baie energie daaraan kon bestee om die land as een van die bestes ter wêreld bekend te stel, maar Ntshona is van mening dat as net een van die 54 miljoen Suid-Afrikaners 'n toeris hier of oorsee ontmoet en ons land in 'n negatiewe lig stel, dit als ongedaan maak. Hy glo ook sterk in die stimulasie van die binnelandse toerismesektor. "Die meeste van die wêreld se toerisme-ekonomieë het 'n sterk grondslag van binnelandse toerisme, en daarby dan buitelandse toerisme. In ons land is dit andersom. Jy kan dit aan 'n paar dinge toeskryf: dit kan ons geskiedenis wees…So ons moet werklik 'n groot klomp werk doen om daardie sektor te stimuleer."

Terwyl Johannesburg, Kaapstad en Durban as toeristespilpunte funksioneer, is dit belangrik om ander gebiede ook in gedagte te hou. As Suid-Afrikaners 'n reisigerskultuur begin omarm kan dit voorspoed na afgeleë gebiede bring, beklemtoon Ntshona.

"Toerisme is 'n kontaksport. Dit is persoonlik, dit is mensvriendelik, menshonger. Kom ons bou dié terrein uit en betrek soveel mense moontlik." ■

terugvoer@finweek.co.za

## Wat sê die syfers?

■ 'n Totaal van 3,5 miljoen reisigers het luidens Statistieke SA se jongste *Tourism and Migration*-verslag in Augustus 2016 deur Suid-Afrikaanse hawens van binnekoms beweeg. Die aantal toeriste het met 14% toegeneem van 731 248 in Augustus 2015 tot 833 638 in Augustus 2016.

■ Sedert 2010 het die aantal internasionale toeriste wat die land binnegekom het van 8,074 miljoen toegeneem tot 8,904 miljoen in 2015, wat luidens data van die UNWTO 'n toename van sowat 10% weerspieël (of ruweg gemiddeld 2% per jaar). Die syfer vir 2016 sal na verwagting beter wees ná 'n afname in 2015 weens visumregulasies. "Ons is besig om te herstel, maar dit is nog nie goed genoeg nie… Dit is bemoedigend, maar ons probleme is beslis nog nie verby nie," sê Ntshona.

■ Oor dieselfde tydperk het internasionale toeriste-aankomste wêreldwyd teen 'n gemiddelde groeikoers van nagenoeg 5% per jaar toegeneem. Ntshona glo dit is vir Suid-Afrika 'n goeie groeikoers om te teiken. "As ons nie so vinnig kan groei as wat die wêreld groei nie, gaan ons inderwaarheid agteruit."

■ Luidens UNWTO se ramings sal die getal buitelandse toeriste-aankomste vanjaar met tussen 3,5% en 4,5% toeneem. Die organisasie se langtermyn-vooruitskouing is 'n gemiddelde jaarlikse groeikoers van 3,3% tussen 2010 en 2030, om teen 2030 op 1,8 miljard te staan te kom.

■ Die gewildste bestemmings vir internasionale toeriste in 2015 was Frankryk (84,5 miljoen aankomste), Amerika (77,5 miljoen), Spanje (68,2 miljoen), China (56,9 miljoen) en Italië (50,7 miljoen).